



Uit die skoolhoof se pen...

#WEESDIEVERSKIL

Liewe Ouers

Nog 'n besige week in ons skooljaar het verbygevlieg! Baie dankie vir elke personeellid, leerder, ouer en ondersteuners wat bydrae tot Hoërskool Henningman se suksesse!

Vyf van ons landloopatlete is in die Lejweleputswa landloopspan ingesluit wat op 3 Augustus 2024 aan die Vrystaat landloopkampioenskappe gaan deelneem. Baie geluk aan hierdie leerders - ons is trots op julle!

Ons het hierdie jaar vier tennisspanne wat in die liga meeding. Al ons spanne het verlede week teen Bothaville gespeel, maar moes in tawwe wedstryde, die knie buig. Ons eerste tennisspanne het ook die afgelope week teen Hoopstad gespeel. Beide spanne het ongelukkig hulle wedstryde verloor. Baie sterkte aan ons tweede seunsspan wat vanmiddag teen Goudveld speel.

Baie geluk aan ons eerste rugbyspan wat met hul sege oor Hoërskool Solomon Senekal na die Platteland semi-finaal deurgedring het. Ons is baie trots op julle! Ons seuns speel Saterdag, 27 Julie om 11:15 teen Hoërskool Vrede op Vrede. Baie sterkte aan ons eerste rugbyspan - mag julle talent seëvier!

Vriendelike groete
Brenda Hoffman

FOTODAG - 2 AUGUSTUS

Ons jaarlikse fotodag vind op Vrydag, 2 Augustus 2024 plaas. Alle leerders moet asseblief teenwoordig wees. Fotopakette (enkelfoto's) is beskikbaar teen R70. ALLE foto's (pakette en foto's wat leerders wil bestel) is vooruitbetaalbaar. sien die aangehegte bestelvorm. Hierdie bestelvorm, saam met die geld moet voor of op DONDERDAG, 1 Augustus by me. Lucille Wepener ingehandig word. Enkel- en klasfoto's word in volledige skooldrag (met 'n das en baadjie) geneem. Spandrag sal deur afrieters met spanne gereël word.

LANDLOOP

Die volgende atlete kwalifiseer om aan die Vrystaat landloopkampioenskappe deel te neem.



Hlohlo Mokhali



Relebohile Dhlanguisa behaal ook 'n goue medalje tydens die Lejweleputswa landloop kampioenskappe.



Justin de Lange



Nikita Myburgh



Loriaan Olivier

